



FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

0512/01

Paper 1 Reading

October/November 2017

MARK SCHEME

Maximum Mark: 50

Published

This mark scheme is published as an aid to teachers and candidates, to indicate the requirements of the examination. It shows the basis on which Examiners were instructed to award marks. It does not indicate the details of the discussions that took place at an Examiners' meeting before marking began, which would have considered the acceptability of alternative answers.

Mark schemes should be read in conjunction with the question paper and the Principal Examiner Report for Teachers.

Cambridge International will not enter into discussions about these mark schemes.

Cambridge International is publishing the mark schemes for the October/November 2017 series for most Cambridge IGCSE[®], Cambridge International A and AS Level components and some Cambridge O Level components.

© IGCSE is a registered trademark.

This document consists of **6** printed pages.

Question	Answer	Marks
1	<ul style="list-style-type: none"> • 20 punte is beskikbaar vir Lees. • 5 punte is beskikbaar vir Skryf (sien die tabel op die volgende bladsy). 	
1(a)	Enersyds is hy opgewonde oor die stormagtige winterweer ✓; andersyds is hy jammer vir mense wat deur vloedde geteister word. ✓	2
1(b)	<p>Enige drie van die volgende:</p> <p>Hy verwys spesifiek na hulle huis wat in die 1930's 'n melkery was. ✓</p> <p>Hy noem die Nederlandse name van die oorspronklike plase in die omgewing. ✓</p> <p>Hy beskryf hoe koeie en vroeër seekoeie en ander wilde diere daar gewei het. ✓</p> <p>Hy verwys na Jan van Riebeeck se tyd toe die omgewing kos voorsien het. ✓</p>	3
1(c)	Hy weet presies wanneer die plaaslike riviere hul walle gaan oorstrom. ✓	1
1(d)(i)	verslaaf aan – hou vreeslik baie daarvan	1
1(d)(ii)	graan-en-groente-mandjie – plek wat voedsel voorsien	1
1(d)(iii)	verstandigheid – intelligensie/opbouende ingesteldheid/houding	1
1(d)(iv)	rampspoedige – wat tot groot ellende/ongelukke lei	1
1(e)	<p>Enige vier van die volgende:</p> <p>Hy noem die talle werkseleenthede/lone wat deur Asmal se plan beskikbaar gemaak is. ✓</p> <p>Hy verwys na die “merkwaardige ommekeer” in die toestand van die riviere nadat Asmal se program ingevoer is. ✓</p> <p>Hy noem die verstommende verandering wat veroorsaak het dat flaminke weer na die Liesbeek migreer. ✓</p> <p>Hy verwys na die verbetering in die gehalte van die rioolwater van die plaaslike rioolaanleg. ✓</p> <p>Hy noem hoe die tou oor die Swartrivier help om die rivier skoon te hou. ✓</p> <p>Hy verwys na hoeveel makliker/vinniger die rivier vloei omdat dit sonder rommel is. ✓</p>	4
1(f)	Die paragraaf vat (kort en kragtig) saam waarna daar vroeër in die teks verwys is: ✓ Die woorde “Dit alles” verwys na die verbeteringe wat in die omgewing plaasgevind het, ✓ wat daartoe gelei het dat die perfekte storm waarna in paragraaf 5 verwys is, ✓ nie die rampspoedige gevolge gehad het waarna daar in paragraaf 7 verwys is nie. ✓	4
1(g)	Die is 'n gepaste titel omdat die skrywer se vreugde ✓ oor die verbetering in die omgewing deur die hernieuwe aanwesigheid van flaminke in die Liesbeek uitgedruk word. ✓	2

Skryf: Akkuraatheid van taal

5 (Uitstekend)	Duidelike, noukeurig gekose taal met komplekse sintaksis, waar gepas. Gevarieerde, presiese woordeskat. Skaars enige of geen tegniese foute nie.
4 (Goed)	Duidelike, gepaste taal. Gepaste woordeskat. Min tegniese foute.
3 (Voldoende)	Taal meestal gepas, maar ongesofistikeerd en hoofsaaklik eenvoudige sintaksis. Voldoende woordeskat. Sommige tegniese foute.
2 (Swak)	Ongesofistikeerde taal, nie altyd gepas nie. Eenvoudige sintaksis met 'n mate van lomp taalgebruik. Beperkte woordeskat. Verskeie tegniese foute.
1 (Baie swak)	Beperkte, onvanpaste taalgebruik. Verward en obskuur. Talle foute.

[Totaal: 20 punte vir inhoud en 5 punte vir taalgebruik = 25]

Vraag 2

- 15 punte is beskikbaar vir Lees. Elke relevante punt kry 'n regmerk. 'n Punt word vir elke regmerk toegeken tot 'n maksimum van 15 punte (sien die moontlike antwoorde hieronder).
- 10 punte is beskikbaar vir Skryf (sien die onderstaande tabelle).

Skryf: Styl en Organisering

5 (Uitstekend)	Uitstekende uitdrukking en fokus met uitstekende gebruik van eie woorde. Goeie opsommingstyl met ordelike groepering van idees; uitstekende skakeling. Antwoord is doelgerig.
4 (Goed)	Goeie uitdrukking in herkenbare opsommingstyl. Poging om te fokus en idees te groepeer; goeie skakeling.
3 (Voldoende)	Bevredigende uitdrukking in eie woorde. Redelik presies, met 'n mate van ordening. Sporadiese gebrek aan fokus.
2 (Swak)	Beperkte uitdrukking, maar meestal in eie woorde. 'n Mate van orde, maar min gevoel vir skakeling. Geneigdheid om fokus te verloor (bv. deur 'n anekdote in te sluit): ontwikkeling dikwels moeilik om te volg.
1 (Baie swak)	Uitdrukking bloot voldoende; moontlik soos 'n lys. Heelwat oorskrywery uit die tekste; herhalend. Dikwels irrelevant.

Skryf: Akkuraatheid van taal

5 (Uitstekend)	Duidelike, noukeurig gekose taal met komplekse sintaksis, waar gepas. Gevarieerde, presiese woordeskat. Skaars enige of geen tegniese foute nie.
4 (Goed)	Duidelike, gepaste taal. Gepaste woordeskat. Min tegniese foute.
3 (Voldoende)	Taal meestal gepas, maar ongesofistikeerd en hoofsaaklik eenvoudige sintaksis. Voldoende woordeskat. Sommige tegniese foute.
2 (Swak)	Ongesofistikeerde taal, nie altyd gepas nie. Eenvoudige sintaksis met 'n mate van lomp taalgebruik. Beperkte woordeskat. Verskeie tegniese foute.
1 (Baie swak)	Beperkte, onvanpaste taalgebruik. Verward en obskuur. Talle foute.

Moontlike antwoorde

- Let op dat die volgende 'n lys *moontlike* antwoorde is.
- Let ook op dat dit in notavorm is, maar dat daar van kandidate verwag word om hulle antwoorde in aaneenlopende prosa aan te bied.
- Alternatiewe antwoorde wat relevant tot die taak is, sal ook 'n punt ontvang.
- Antwoorde moenie langer as **250 woorde** wees nie. (Indien antwoorde langer is, word die gedeelte wat langer is, geïgnoreer.)

Ooreenkomste en verskille

Noem tot 9 tot 11 punte in verband met ooreenkomste en verskille in inhoud – 1 punt per verskil/ooreenkoms.

Albei tekste:

- toon 'n besorgheid oor die aarde
- verwys na die omgewing
- verwys na veranderinge in die omgewing as gevolg van menslike bedrywighede
- verwys na die omgewing in die verlede en die hede
- verwys na die toestand van riviere
- verwys na besoedeling
- het in die koerant verskyn

Teks A:

- dra die skrywer se liefde vir storms oor
- verduidelik waar die skrywer woon
- beskryf die omgewing waar hy woon
- verwys na die geskiedenis van sy omgewing
- dra sy liefde vir die twee riviere oor
- toon sy kennis van die riviere
- vertel hoe hy as kind in die Liesbeek visgevang het
- vertel hoe die Liesbeek en Swartrivier se toestand versleg het
- verwys na die aanwesigheid van flaminke in die Liesbeek
- beskryf waarom en hoe die riviere se toestand verbeter het

Teks B:

- se titel dui op die negatiewe
- skilder 'n negatiewe prentjie van die aarde
- fokus op die negatiewe gevolge van vooruitgang
- toon die gevolge van besoedeling
- verduidelik die Antroposeen
- beskryf die bevolkingsgroei sedert 1950
- verwys na die verskil tussen ryk en arm
- stel vrae oor waarom depressie so algemeen voorkom
- wonder of die prys van vooruitgang nie te hoog is nie

Styl en doel (gee 4 tot 6 punte)**Gee 2 punte per verskil****Byvoorbeeld:**

- Teks A is in die eerste persoon geskryf; Teks B is in die derde persoon geskryf.
- Teks A is 'n mengsel van persoonlike en objektiewe vertelling; Teks B is objektief en bespiegelend.
- Teks A het 'n positiewe toon weens die skrywer se positiewe houding teenoor veranderinge in die omgewing; Teks B het 'n negatiewe toon weens die skrywer se negatiewe indruk van die toestand van die aarde.

Gee 1 punt per ooreenkoms**Byvoorbeeld:**

- Albei tekste wil die leser inlig.
- Albei tekste dra 'n houding oor.
- Albei tekste wil 'n indruk op die leser maak.

[Totaal: 15 punte vir inhoud en 10 punte vir taalgebruik = 25]